

## Logos Gemeente van Christus

### Hoe bid ons sinvol?

Mat 6:7-13, Joh 4:19-26

8 Maart 2020

Soos ons laasweek bespreek het, beplan ek om in die loop van 'n paar preke by die Onse Vader stil te staan. Die Onse Vader kom op twee plekke in die Bybel voor: Mat 6 waar dit deel vorm van die bergpredikasie (let op vers 9 wat spesifiek sê: So moet julle bid: ), en in Lukas 11 na aanleiding van een van Jesus se dissipels se versoek dat Hy hulle moet leer bid. In beide gevalle is die doel dus dat Jesus sy volgelinge leer hoe om te bid. En dit moet natuurlik ook die fokus wees wanneer ons daarna kyk.

Ek word al meer aangegryp deur die inhoud van die Onse Vader. Ek wil nie nou te veel daarvoor sê nie, maar ek hoop om vir julle aan te toon dat in wese die Onse Vader 'n opsomming is van God se plan. En toe ek die afgelope week gaan sit om voor te berei vir vandag, het ek tot die gevolgtrekking gekom dat daar twee aspekte rondom gebed is wat ons goed moet begryp as ons werklik die Onse Vader sinvol wil verstaan. Ek wil dus vanoggend hierdie twee aspekte aanspreek.

Ek wil ook die volgende opmerkings maak vooraf. Gebed is 'n groot en belangrike deel van ons geloofslewe. Gebed is 'n groot onderwerp wat baie aspekte insluit. Ek gaan in hierdie paar preke nie eers naastenby poog om alles te dek nie. Die volgende aspekte is baie belangrik, maar ek gaan dit nie aanspreek nie: dat ons moet bid (ons gaan vanoggend dit deels hanteer, maar nie volledig nie), hoe gereeld ons moet bid, hoe lank ons gebede moet wees, individuele versus gesamentlike gebede, hoeveel keer ons oor 'n saak moet bid, waar ons moet bid, ons posisie as ons bid. Willie het in Januarie oor Mat 6:5-8 gepreek en van hierdie aspekte aangespreek. Gaan luister dit gerus weer.

Waar ek die fokus wil laat val in hierdie paar preke is op die inhoud van ons gebede. Dus: waarvoor ons moet bid. Dit is tog wat die Onse Vader ons leer. Ek glo ons loop almal die gevaar dat ons gebede stagneer as dit by inhoud kom. Ons neig om gereeld vir dieselfde dinge te bid – wat nie op sigself noodwendig 'n slegte ding is nie, maar hoe maak ek seker dat ek vir alles bid waarvoor ek behoort te bid? Een aspek van gebed is om God te verheerlik. Hoe doen ek dit sodat dit nie elke dag dieselfde is nie? Ja, daar is dinge waarvoor ek God elke dag kan en moet dank, maar hoe verryk ek my gebede dat dit werklik Godverheerlikend is.

Kom ons kyk na die twee aspekte waarna ek hierbo verwys het:

#### **Is dit hoegenaamd rasioneel/sinvol om te bid?**

Die eerste aspek wat ek oor wil gesels is wat ons lees in Mat 6:8. Hier maak Jesus die stelling dat ons nie 'n stortvloed van woorde moet gebruik soos die heidene nie – immers hulle dink dit is hoe hulle hulle gode gaan oortuig om vir hulle te gee wat hulle wil hê (gaan luister na Willie se preek). En dan maak Jesus die stelling dat ons Vader weet wat ons nodig het, selfs nog voor ons dit van Hom vra. Wel, ons glo tog God weet alles. Hy weet selfs wat in ons harte aangaan. Dit moet dus waar wees dat Hy weet wat ons wil vra, nog voor ons vra. Trouens Hy weet wat ons nodig het, nog voor ons dit vra. As die Vader dan in elk geval weet, hoekom moet jy dan vra?

Dieselfde beginsel kan bietjie verder gevoer word. Ons is absoluut oortuig dat God soewerein is, en dat niks gebeur as dit nie volgens God se wil of raadsplan is nie:

- In Dan 4:35 het selfs Nebukadnesar tot die besef gekom: “Teenoor Hom is al die bewoners van die aarde soos niks; Hy doen soos Hy besluit met die hemelse magte en met die mense op aarde. Daar is niemand wat Hom daarvan kan weerhou en vir Hom kan sê: “Wat doen U?” nie.”
- Ef 1:11 praat van “So het Hy Hom dit voorgeneem, Hy wat alles laat gebeur volgens Sy raadsbesluit”.
- Rom 11:34 maak dit duidelik dat niemand aan God raad kan gee nie, ook nie ek in my gebede nie.

En tog sê Jakobus in Jak 5:16 dat die gebed van ‘n gelowige ‘n kragtige uitwerking het. Dis die oënskynlike dilemma wat al vir eeue lank debateer word: Is dit sinvol om te bid (wat beloop word om ‘n kragtige uitwerking te hê), terwyl alles vasstaan in die raadsplan van God se soewereine plan. Ek wil 3 redes voorstel waarom dit wel sinvol is om te bid terwyl ons styf vashou aan die feit dat God soewerein in beheer is van Sy ewige raadsplan:

- Dit is wat Jesus self gedoen het: Daar is verskeie geleenthede waar Jesus gebid het. Dink maar net aan die volgende geleenthede: As Hy die brood vermeerder bid Hy tot Sy Vader. As Hy sy dissipels kies (wat tog sekerlik al voor die grondlegging van die aarde vasgestel was wie dit sal wees), bid Hy ‘n hele nag daarvoor. As Hy in Getsemane is, bid Hy. Selfs aan die kruis bid Hy. En ons het die laaste 4 weke stilgestaan by Sy hoëpriesterlike gebed. Dink jy dit was vasgestel in God se raadsplan dat Jesus aarde toe moes kom, verneder moes word, en dan weer verheerlik word? (Joh 17:1-5). Wel Jesus was oortuig: Hy begin Sy gebed juis met “die uur het gekom”. Watter uur? Die uur in God se ewige raadsplan dat Hy verheerlik moet word. Was daar enige twyfel daaroor of dit gaan realiseer na al die eeue se voorbereidings hiervoor? Nee. En tog bid Jesus daarvoor!
- Ons gebede is ‘n erkenning aan God: Hier is twee aspekte wat ons moet verstaan:
  - Ek bid nie tot God omdat Hy nie weet wat ek nodig het nie. Mat 6:8 maak dit baie duidelik dat Hy weet. Nee, ek bid juis omdat Hy dit weet, en omdat Hy nog meer weet as dit: Hy weet ook wat nou die beste ding is wat moet gebeur sodat Sy raadsplan sal realiseer. Hy word verheerlik deur die feit dat ek vra – ek erken daarmee dat Hy weet wat die beste sal wees, dat Hy dit kan en sal uitvoer en dat dit daarom die moeite werd is om dit van Hom te vra. Ek moet Hom verder verheerlik deur Hom te dank wanneer Hy die uitkoms gegee het – wat die uitkoms ookal was.
  - Ek bid nie om God se raadsplan te verander nie. Nee, ek bid juis sodat Sy raadsplan sal realiseer. Op een of ander manier, wat ons nie behoorlik verstaan nie, is ons gebede ingewerk in God se raadsplan. Dit is soortgelyk aan ons opdrag om die evangelie te verkondig. Dit is lankal vasgestel wie uitverkorenes is. Hulle sal tot geloof kom. Maar dit is deel van God se plan dat iemand aan hulle die evangelie moet verkondig, sodat dit realiseer. Dieselfde met ons gebede. Natuurlik sal God se raadsplan realiseer. Maar ons gebede is deel van die manier waarop dit realiseer. Ons het dit netnou in Joh 17 gesien. Ander voorbeelde is Dan 9:2-3 – Daniël word oortuig dat die ballingskap 70 jaar sou duur, en wanneer hy dit begryp is sy reaksie om tot God te bid dat dit sal realiseer. Of Jer 29:11-14. Aan die een kant sê God Hy weet presies wat Hy vir die volk beplan, en net daarna sê Hy hulle sal bid, en dan sal Hy dit vir hulle gee.
- Ons gebede is vir ons tot seën: Weer is hier twee aspekte wat ons moet in gedagte hou:
  - My gebede het tot gevolg dat ek groei in my verhouding met God. In Ps 116:1 roep die digter uit: “Ek het die Here lief, want Hy verhoor my smeekgebede”. Sien jy: Sy

liefde vir die Here volg op sy smeekgebede. Dit gaan terug na wat ons verlede week oor gepraat het – ek bly in die liefde van die Seun as ek doen wat die Seun van my vra, in hierdie geval deur te bid. Dink ook aan Paulus in 2 Kor 12:7 waar hy sê hy het deur herhaalde gebede geleer dat hy 'n doring in die vlees het sodat hy van hoogmoedigheid bewaar kan word nadat hy die wonderlike dinge gesien het toe hy weggeruk is tot in die derde hemel.

- Ek groei ook in die verstaan van God se wil. In 1 Joh 5:14 lees ons dat ons met vrymoedigheid na God toe kan gaan omdat Hy ons gebede verhoor as ons iets volgens Sy wil vra. M.a.w. wanneer 'n gebed van my verhoor word, kan ek weet wat God se wil was. Let op, God se wil het nie verander deur my gebed nie, maar ek het geleer wat God se wil is. Voeg hierby daardie heerlike lering in Rom 8 dat die Heilige Gees saam met ons bid volgens God se wil as ons nie weet wat om te bid nie, en jy sien weer hoe jy deur jou gebedsworsteling leer wat God se wil is.

### **Hoe moet ons bid?**

In Joh 4 is Jesus op pad van Judea na Galilea. Op pad reis Hy deur Samaria. Daar voer hy 'n gesprek met 'n Samaritaanse vrou by 'n fontein. Heelwat gebeur in hierdie gesprek. Jesus vra haar vir water, en sy is verbaas dat Hy as 'n Jood vir haar as Samaritaanse vrou water vra.

Ter agtergrond: Die Samaritane is die afstammeling van die Jode wat agtergebly het toe die noordelike 10 stamme deur die Assiriërs weggevoer is. Hulle het vermeng met die ander heidense nasies wat toe ingetrek het. Gevolglik het hulle godsdienste ook verbaster. Hulle het net die Pentateug aanvaar, en boonop was hulle oortuig dat Geresimberg die plek van aanbidding was, terwyl die oorspronklike aanbiddingsplek natuurlik Jerusalem was. Daar was gevolglik nie baie liefde tussen die Samaritane en die Jode nie.

Hierna volg 'n gesprek tussen Jesus en die vrou oor die saak van die lewende water wat Jesus vir haar sou kon gee. Duidelik verstaan sy nie wat Jesus bedoel met die term “lewende water” nie. In vers 16 vra Jesus dat sy haar man moet gaan roep. Sy sê egter sy het nie 'n man nie, en Jesus vertel akkuraat vir haar wat die situasie is met haar huwelik. Dit beïndruk haar sodanig dat sy Hom erken as 'n profeet, en daarom konfronteer sy Jesus met die vraag oor waar die ware aanbiddingsplek behoort te wees: Jerusalem (soos die Jode glo) of Geresimberg (soos die Samaritane glo). Kom ons kyk nou na Jesus se antwoord vanaf vers 21.

Jesus sê: “daar kom 'n tyd”. Onthou Joh 17 waar Hy gesê het: “Die uur het gekom”. Ons moet verstaan dat die tyd waarvan Jesus praat nou bykans op hande is – wel Hy sê dit in vers 23. Wanneer daardie tyd kom, gaan die aanbiddingsplek nie meer belangrik wees nie. Dit gaan nie Geresimberg wees nie, en ook nie Jerusalem nie. Hieruit blyk dit dat wanneer daardie tyd kom, beide die Jode en die Samaritane se oortuigings verkeerd sal wees.

Maar in vers 22 maak Jesus die stelling dat die Jode wel in 'n sekere sin beter is as die Samaritane. Die Jode se aanbidding is gebaseer op kennis – hulle weet wat hulle aanbid. Daarteenoor is die Samaritane se aanbidding nie op kennis gebaseer nie – hulle weet nie wat hulle aanbid nie. Wat is die kennis waarop die Jode se beter aanbidding gebou is? Dat verlossing uit die Jode kom! Onthou wat ons in Joh 17 gesien het: Jesus het die Naam van die Vader aan die uitverkorenes bekend gemaak en hulle het tot die kennis, en geloof gekom dat Hy die Een is wat die Vader gestuur het, oftewel dat Hy die Verlosser is. Dit was ook die gevolgtrekking waartoe die wêreld moet kom as hulle gekonfronteer word deur die eenheid waarvoor Jesus bid. Die punt wat Jesus hier maak, is dit:

Die Jode se aanbidding is beter as die van die Samaritane – omdat hulle aanbidding ten minste inhoud het. Anders gestel. Omdat dit op kennis gebaseer is.

Maar in vers 23 gaan Jesus verder en sê voortaan gaan daar nog 'n beter manier wees van aanbidding. Trouens, Hy noem dit ware aanbidding. Hoe gaan hierdie aanbidding wees? Die NAV vertaal dit as dat die Vader aanbid gaan word deur die Gees (d.w.s. die Heilige Gees) en in waarheid. Ongelukkig is dit nie 'n goeie vertaling nie, selfs die NDV het dit verkeerd. Kyk na die OAV/NIV/ESV: Die Vader sal in gees en in waarheid aanbid word. Jesus gaan selfs verder en sê dat hierdie aanbidding in gees en waarheid is wat die Vader wil hê.

Wat bedoel Jesus as Hy praat van “in gees en waarheid”? Hy bedoel die volgende:

- Een manier van aanbidding is soos wat die Samaritane aanbid. Hulle aanbidding is egter op niks gegrond nie. Hulle weet nie eers wat hulle aanbid nie. Hulle dink Geresim is die plek om te aanbid. Maar waar kom daardie oortuiging vandaan? Dis gebaseer op 'n gebrekkige verstaan van God se openbaring (onthou hulle aanvaar net die Pentateug), en daarom is die aanbidding leeg.
- Daar is 'n ander manier van aanbidding. Dis die Joodse manier. Dit is al heelwat beter. Ten minste is dit op kennis gebaseer. Daar is dus inhoud aan. Dit is gebaseer op die hele Ou Testament. Dit is gebaseer op God se openbaring aan die mensdom. Daar is kennis in. Daar is waarheid in wat van God kom. Onthou jy Joh 17: Nou weet hulle..... Wat Jesus dus sê is dat aanbidding wat kennis bevat (kopkennis), is beter as leë aanbidding. Hierdie kennis was gebaseer op God se openbaring aan die Jode – d.w.s. op God se Woord, wat op hierdie stadium natuurlik beperk was tot die Ou Testament.
- Maar dan sê Jesus is daar nog 'n beter manier van aanbidding – trouens hierdie manier is die ware manier van aanbidding. Dit moet nie net in waarheid geskied nie. Dit is nie net 'n verstandskennis saak nie, dit moet ook in gees wees. Daar moet gevoel en emosies in wees. Dit moet ook 'n hartsaak wees. En, sê Jesus, voortaan sal dit die manier wees waarop aanbid moet word. Nou, ons het die voordeel van die res van die Skrif om dit te verstaan. Ons het die laaste paar weke herhaaldelik gesien hoe Jesus die uitverkorenes gaan bewaar, heilig en een gaan maak deur die Woord en die Gees. Ons weet ook dit is juis die Heilige Gees wat aan ons nuwe harte gee om God te wil dien. Ware aanbidding is dus iets wat slegs kan kom van iemand wat 'n nuwe hart het (dus in gees). Boonop is dit ook aanbidding wat inhoud het (dus in waarheid). Voortaan is aanbidding beide 'n verstandsaak en 'n hartsaak. Dink aan Mat 15:8 waar Jesus sê: “Hierdie volk eer My met hulle mond, maar hulle hart is ver van My af”. Dit is wat voortaan anders moet wees: hart en mond, verstand en hart, kennis en emosie.

As Jesus van aanbidding praat, is dit sekerlik meer as net om te bid. Ek beplan om hierdie beginsel juis te gebruik as ons na die Onse Vader kyk, maar kom ons dink vir 'n oomblik breër. Aanbidding sluit in aspekte soos gebed, lofprijsing (sang) en Woordverkondiging. Trouens, my hele lewe is aanbidding van God. Hoe lyk dit nou as ons in gees en waarheid aanbid? Wel die maklikste is om te dink oor hoe lyk aanbidding as dit net in gees of net in waarheid gebeur:

	Net in waarheid	Net in gees
Gebed	Geykte uitdrukkings Formuliergebede Gebrek aan onmiddellike sake	Emosionele pleidooie sonder begroning Skep van 'n “atmosfeer”
Sang	Geprewel van uitsluitlik OT berymings	Opswepende musiek/liedere

		Herhaling van eenvoudige reëls vir atmosfeer
Prediking	Dogma wat nie my lewe raak nie Formuliere Kategismuspreke (alhoewel daar fantastiese uitsonderings is)	Bronne buite die Skrif Ligsinnig en “cool” Kerse, klede, kore, blomme en “special effects”

Let asb op: Nie alles in bostaande tabel is net sleg nie (bv kore, dogma, formuliere). Die punt is dat ons moet aanbid in gees en waarheid. Dus:

Gebed: Skrifwaarhede plus belewenis met emosie

Sang: OT en NT berymings, selfs nie-direkte berymings van die Skrif, maar inhoudelik sinvol, emosies betrokke maar met inhoud.

Prediking: Dogma plus toepassing, sinvolle gebruik van hulpmiddels.

### **Afsluiting**

Soos ek aan die begin gesê het, wil ek hierdie twee beginsels (gebed is sinvol selfs al is God se raadsplan onveranderbaar, en gebed moet in gees en waarheid geskied) gebruik wanneer ons in meer detail na die Onse Vader kyk.

- Ek hoop dat dit duidelik sal wees dat die Onse Vader juis daarop gemik is dat God se raadsplan moet realiseer.
- Ek hoop ook om uit te lig hoe ons die Onse Vader behoort te gebruik om in gees en waarheid te bid.